higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INTERIEURSTYLE EN -STUDIES N6

(10050386)

8 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

OOPBOEK EKSAMEN

Klasaantekeninge en VYF bykomende bronne kan gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

026Q1B2208

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKATE
INTERIEURSTYLE EN -STUDIES N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK te skryf. Gee ’n rede vir die antwoord.

1.1 Post-impressionisme het ontstaan as ’n reaksie teen impressioniste se gemoeidheid met die naturalistiese uitbeelding van lig en kleur.

1.2 Kubisme het die onderbewussyn of nie-rasionele betekenis van beelde beklemtoon.

1.3 Pop Art is ’n vorm van abstrakte kuns wat die illusie van beweging deur die presiese gebruik van patroon en kleur gee.

1.4 Bauhaus was ’n kuns- en ontwerpskool in Weimar, Duitsland.

1.5 De Stijl is ’n kunsstyl en argitektuur gebaseer op ’n streng geometrie van horisontale en vertikale.

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 2

Verduidelik elk van die volgende terme:

2.1 Rousteenstruktuur

2.2 Japannese strooimat-uitleg

2.3 Ingewikkelde spieëlwerk

2.4 Volksboukunde

2.5 Anglo-Indiaans

(5 × 4) **[20]**

VRAAG 3

Kies ’n kunstenaar uit KOLOM B wat pas by ’n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Amerikaanse industriële ontwerpers	A	Paul Cézanne
3.2	Produkontwerper vir Alessi	B	Antoni Gaudí
3.3	Franse kunstenaar en post-impressionistiese skilder	C	Pablo Picasso
		D	Edvard Munch
3.4	Openbare kunsinstallasies wat tipies groot replikas van alledaagse voorwerpe uitbeeld	E	Eileen Gray
3.5	Post-moderne argitek	F	Michael Graves
3.6	La Sagrada Família in Barcelona	G	Claes Oldenburg
3.7	Memphis Groep	H	Charles en Ray Eames
3.8	Kubisme	I	Robert Venturi
3.9	Meubelontwerper en ’n pionier van die Moderne Beweging	J	Philippe Starck
3.10	Ekspressionistiese kunstenaar		

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Beskryf die stilistiese kenmerke van Art Nouveau deur na voorbeelde te verwys. (20)

4.2 Bespreek die *Green Dining Room* wat deur William Morris ontwerp is. (10)

4.3 Hoe het die Industriële Rewolusie argitektuur verander? (10)
[40]

VRAAG 5

5.1 Bespreek Frank Lloyd Wright se organiese teorie van argitektuur deur na Fallingwater te verwys. (20)

5.2 Bespreek die kenmerke van Kubisme deur na elk van die volgende te verwys:

5.2.1 Analitiese fase (5)

5.2.2 Sintetiese fase (5)
[30]

VRAAG 6

6.1 Robert Venturi het die frase 'Less is bore' die eerste keer gebruik.

Bespreek:

6.1.1 Sy filosofie (10)

6.1.2 Die kenmerke van Vanna Venturi House (10)

6.2 Verduidelik hoe jy ’n hoë-tegnologie interieur kantoorruimte sal skep. (10)
[30]

VRAAG 7

7.1 Hoe sal jy ’n slaapkamer in ’n gastehuis met Ndebele-elemente versier? (10)

7.2 Watter materiale word in tradisionele Afrika-argitektuur gebruik? Gee rede vir die antwoord. (20)

7.3 Vergelyk die kenmerke van tradisionele Japannese argitektuur met Anglo-Indiaanse argitektuur. (20)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou